



24 Julie 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. SLUITING VAN SKOLE

Soos u seker teen hierdie tyd weet, het die president gisteraand aankondiging dat die skole vandag sluit. Dit sal volgens sy aankondiging sluit tot 3 Augustus vir die matrikulante en 24 Augustus vir die res van die skool. Al die reëlings was in plek vir ons om Maandag, 27 Julie, die graad 9's terug te verwelkom by die skool en die reëlings sou vandag uitgegaan het na die graad 9-ouers. Ons beplanning was ook reeds gedoen om die graad 8-leerders op die 3de Augustus terug te ontvang. Ons is teleurgesteld in die kombens-benadering wat deur die departement gevolg word deur nie skole wat die nodige reëlings en veiligheidsmaatreëls in plek het toe te laat om met onderrig voort te gaan nie. Dit is ons opinie dat hierdie realiteit lank met ons gaan wees en dat ons aan ons kinders moet wys hoe ons professioneel en met die nodige maatreëls in plek, steeds kan voortgaan met onderrig. In die lig van die verwickelinge wil ons egter 'n paar reëlings vir u deurgee.

Daar is verskeie toetse wat vir volgende week geskeduleer was. Hierdie toetse sal steeds voortgaan op die Google-Classroom of soos wat deur die betrokke onderwysers met die leerders gekommunikeer word. Ons vra dat leerders hierdie toets-verpligtinge na sal kom, omdat die geleentheid tot voorbereiding vir die groter formele assesserings nou beperk raak.

Ons wag nog vir die amptelike direktiewe van die Departement van Onderwys rakende die moontlikheid om teen 11 Augustus, in plaas van 24 Augustus, die graad 8- tot 11-leerders terug te bring skool. Indien ons toegelaat sou word om dit te doen, gaan ons dit beslis doen. Ons sal eerder wil klaarmaak met die akademiese jaar en, nie soos wat die President aangedui het, eers in 2021 die 2020-akademiese jaar wil afhandel nie. Hierdie inligting sal ons amptelik met u kommunikeer soos wat ons dit ontvang.

2. VEILIGHEID BY DIE SKOOL

Die beheerliggaam het werklik uit sy pad gegaan om klasse so veilig as moontlik vir leerders en onderwysers te maak. Vir hierdie rede is ons van mening dat ons skool werklik 'n veilige plek is vir leerders en onderwysers. Hier volg net 'n paar van die maatreëls wat in plek gesit is.

- Deursigtige skerms waaragter onderwysers onderrig gee, is aangebring in die klasse.
- Alle graad 8- en 9-leerders sal in een klas onderrig word vir die volle skooldag om sodoende wisseling en kontak te beperk.
- Nege nuwe dataprojektors is aangekoop en aangebring in die klasse wat nie het nie, sodat dit nie rondgedra hoef te word van een klas na 'n volgende nie. Personeel kan dus net hulle rekenars inprop en met hulle les begin.
- Die voller RTT-klasse se rekenaar-werkspasies is met deurskynende plastiekskerms afgesper.

- Twee sale is ingespan vir die groter graad 12-klasse om afstand tussen leerders te verseker.
- Alle leerders se hande word tydens die instap en uitstap by 'n klas met 'n alkohol-basis saniteermiddel ontsmet.
- Die temperatuur van leerders word deurlopend gedurende die dag geneem.
- Alle oppervlaktes, waar daar verkeer van mense is, word deurgaans met saniteermiddel ontsmet.

3. BRAND BY DIE SKOOL

Die forensiese ondersoek na die oorsaak van die brand is afgehandel. Soos wat u dalk reeds gehoor het, is die brand in die Gasvryheidstudies-lokaal veroorsaak deur 'n elektriese kortsluiting in die dak. Die versekering is so te sê klaar met al die opnames en berekenings om die omvang van die skade te bepaal. Ons is dankbaar dat daar sommer binnekort begin sal word met die heropbou van die sentrum.

4. AKADEMIE

Ons wil vir elke leerder wat te midde van die omstandighede werklik 'n akademiese pligsbesef gewys het aanmoedig om vir die volgende week lekker uit te rus. Vir die wat nie erns met hulle akademie gemaak het nie, het dit tyd geword om skouer aan die wiel te sit en in te haal. Ons sal weer vanaf die 3de Augustus voluit by die skool met ons matrikulante werk en ons sal ook voluit op Google-Classroom voortgaan met die res van die skool.

Baie dankie aan ons Wonnie-personeel wat aanpasbaarheid getoon het en die nuwe normaal na die beste van hulle vermoë bestuur het. Julle is werklik 'n klomp staatmakers. Dankie aan elke ouer se ondersteuning en aanmoediging by die huis en dankie aan elke Wonnie wat, deur alles te gee, aanhou om aan 'n blink toekoms te bou.

Wonnie-groete



M LEZAR
SKOOLHOOF